

12 April

Skrifgedeelte: Filemon 1:1-11

Fokusgedeelte: Filemon 1:6

Die Here doen nie halwe werk nie

'n Opvallende kenmerk van al die briewe wat Paulus aan gemeentes skryf, is dat hy telkens begin deur die Here te loof en te prys en te dank. Al verkeer hy in moeilike omstandighede, borrel hy steeds oor van blydskap en dankbaarheid.

In Fil 1:6 gee hy die rede waarom hy onder moeilike omstandighede bly kan wees: dit is omdat God nie halwe werk doen nie. Hy sê dat Hy oortuig is daarvan. Hy weet verseker dat God die goeie werk waarmee Hy begin het enduit sal voer en dit sal klaarmaak.

Die goeie werk wat God in jou begin het, was toe Hy jou geroep het, aan jou geloof gegee het, jou deur die Here Jesus verlos het en jou as sy kind aangeneem het.

Nou kan jy ook absoluut seker wees dat God jou nie net verlos het en toe gelos het nie. Nee, dit waarmee Hy in jou begin het, sal Hy klaarmaak. Hy gooi nie tou op soos ons dikwels doen nie. Hy lei en versorg jou deur hierdie lewe om jou eendag in die Vaderhuis met sy baie woonplek in te lei.

Dit sal wees wanneer ons Here Jesus weer kom. Eers dan sal God se werk in jou voltooi wees. Daarom moet jy gelowig en biddend op dié dag wag. Jy kan die toekoms met sekerheid en opgewondenheid ingaan en onder alle omstandighede bly en dankbaar wees.

Sing: Psalm 33:1,6

Ds C Krüger (Nelspruit)